

3 AUGUSTUS

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 16:16-40
FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 16:25-31

In God se groot ontferming lê ons redding

Die hedendaagse mens is in baie opsigte 'n selfgesentreerde mens, 'n mens wat al hoe meer self sy lot wil bepaal. Daarom is die vraag wat die tronkbewaarder in vers 30 vra, so relevant vir die tyd waarin ons lewe.

Paulus en Silas bid tot God en sing lofliedere tot sy eer, ten spyte van die haglike situasie waarin hulle verkeer. Terdeë bewus vanwaar hulle hulp en krag onder alle omstandighede vandaan kom, soek hulle God op in hierdie tyd van beproewing. Dit is presies hoe geloof moet werk. Geloof strek uit na buite, weg van jou eie ek, na iemand groter as jy. In teenstelling hiermee wil die hedendaagse mens so dikwels self 'n bydrae lewer tot sy eie redding. Wat kan ek doen om gered te word? Iets van die tronkbewaarder se vraag eggo ook deur die lewens van so baie mense vandag.

Die evangelie van Jesus Christus leer egter dat Hy klaar alles gedoen het vir ons redding, volledig! Al wat ons moet doen, is glo – dat dit ook vir my 'n realiteit is. Die daad van geloof is daarom nie ons redding nie, maar wel die inhoud van ons geloof. Wat is die inhoud van ons geloof? Deur die groot ontferming van God in Christus is ons gered. Deur die geloof omhels ons hierdie kosbare waarheid van Jesus Christus, wat ons gered het. Ter wille van Hom kan ons onder alle omstandighede tot God nader om hulp en krag en bystand.

Sing: Skrifberyming 5-4:1-6

Dr Sarel van der Walt (Benoni-Noord/Noord-Oosrand)